**Dinsdag 5 September**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:1-3; 7-10; 17-19; 22-35**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:22, 23**
**Gehoorsaamheid is beter as offerandes**

Wat ’n tragiese verhaal. Saul wat deur Samuel op bevel van God tot koning gesalf is, oortree die duidelike Woord van God. Hy moes die Amelekiete met die banvloek tref, maar die versoeking om van die beste van die kleinvee en beeste te hou, was te groot. As hy hieroor gekonfronteer word deur Samuel, het hy ’n “goeie” verskoning. Om aan die Here, “’n God” (vs 15) te offer. Dít nadat hy vir homself ’n gedenkteken laat oprig het! Eiewilligheid en selfverheffing dus by Saul. Daarby was hy bang om as ongewild by sy manskappe bekend te wees. (Dit was algemeen vir daardie tyd om buit te neem van ’n verslane vyand.)

Wie nie heeltemal op die Here vertrou nie, soek maklik die guns van mense. Samuel wil met hierdie stuk sonde van Saul niks verder te doen hê. En hy profeteer dat die koningskap van Saul weggeneem sal word en aan iemand beter as hy gegee sal word (Dawid).

Dis hier waar Samuel se woorde diep tref: “Gehoorsaamheid is beter as offerande.” Geen gemene saak het te make met die sonde (afgodsdiens) waar dit om die saak van die koninkryk van God gaan. Die Amelekiete het Israel immers in die verlede kwaad aangedoen – vandaar die bevel van God om hulle uit te delg met alles wat hulle besit. En hulle was ook afgodsdienaars.

Hoe moet ons in 2023 oor Saul se sonde en verlies aan koningskap dink? Wanneer die Here ons opdrag gee om volgens sy Woord te leef, bedoel Hy dit. Geen eiewilligheid. Geen agterdeure oophou nie. Geen “Ek kom nou nie so gereeld in die kerk, maar ek gee darem ’n dankoffer”-tipe redenasie nie. Daarby: Wanneer sukses behaal word in byvoorbeeld ’n besigheid of loopbaan, kom die eer die Here toe en nie die mens nie.

Leer uit wat Jesus Christus gedoen het: “... Hy het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem ... Hy was gehoorsaam tot in die dood ...” (Fil. 2:7, 8).

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3*

*Ds. JF Mouton (Koos) (emeritus)*